# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**



# Advent

**25 NOVEMBER 2022** | JAARGANG 20

UITGAWE **18**

# INHOUD


## 02 VRYPOS-FOKUS

02 **Kuratorium dra sorg vir verantwoordbare opleiding**
*"Om goeie teologiese opleiding vir die NG Kerk in hierdie sentrale streke van ons land te verseker."*

03 **Legitimasieplegtigheid 2022**
NG Gemeente Berg-en-Dal, 15 November

## 08 ARTIKELS

08 Missie Japan | **Vrystaat Sinode op besoek aan Japan**

08 Werkgroep vir Islam | **Engele en *Jinns* in Islam**

08 JST | **The Journal of Systematic Theology**

08 Algemeen | **"... maar, verlos ons van die Bose."**

08 Afrika-Ekumene | **Verheug oor proponente in Zimbabwe**

## 10 MEDIATEEK

10 'n Resensie | This Monastic Moment
***The War of the Spirit & the Rule of Love***
Skrywer: John W de Gruchy

10 Inventaris

## 12 EKOLOGIE

12 COP27 | **Verenigde Nasies Klimaatsverandering Konferensie**
*Sharm El-Sheikh, Egypt 2022*

## 14 LEER KEN

14 Moderamen | **Johan Stander**

14 Moderamen | **André Rall**

15 Nuut | **Ds Rikus Botha**

16 Nuut | **Ds Marthiens Heymans**

## 17 AKTUEEL ALGEMEEN

## 20 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES

20 Nuusbrief | **VrydagNuus**

20 Nuusbrief | **CLF**

20 Publikasie | **CLF**

20 Kerkbode | **Brokkies uit Kerkbode**

## 21 KALENDER

## 22 BETREKKINGS

## 23 VERJAARSDAE

## 24 'N LAASTE GEDAGTE

## 25 KONTAK ONS

# Advent is die tyd

in die kerklike jaar wat ons gereed maak vir die koms van die Here en die aanbreek van Sy koninkryk. Dit is 'n tyd van afwagting waarin ons bewus word van God se dade, in die verlede, die hede en die toekoms. Ons hoor die profesieë oor die komende Messias wat waar geword het sodat ons met reikhalsende verlange uitsien na Sy tweede koms. Ons verwagting na die volledige vervulling van al die Ou-Testamentiese profesieë word opgeskerp sodat ons uitsien na die tyd wanneer die leeu en die lam in vrede sal saamleef, die dood vernietig is en daar geen trane meer sal wees nie.

**Eerste Adventsondag**, "Sondag van Hoop", bevestig ons hoop dat die koninkryk van die Here aan die kom is en volledig op aarde sal deurbreek.

**Tweede Adventsondag**, "Sondag van vrede", bevestig aan ons dat Johannes die Doper gekom het om die weg vir die koms van die Vredevors voor te berei. Hy wat vir alle mense vrede op aarde bring en in wie God 'n welbehae het.

**Derde Adventsondag**, "Sondag van vreugde", bevestig dat ons midde-in die hartseer en ellende van hierdie wêreld vreugde kan ervaar, want die Een wat sou kom is inderdaad hier. In Hom sien ons met vreugde die herstel en genesing wat die koninkryk bring.

**Vierde Adventsondag**, "Sondag van liefde", bevestig God se liefde aan ons, want ons beleef die werklikheid dat 'n maagd swanger geword het en die Verlosser van die wêreld verwag. Ons word geroep om hierdie liefde te gaan leef te midde van 'n harde en liefdelose wêreld.

Die kerk moet ten spyte van versoekings en krisisse volhard omdat die Here kom en as die Oorwinnaar-koning Sy plek op die troon sal inneem.

***Orgeneem uit** Woord en Fees, Jaar A*



## Uit die Redakteur se pen

Advent-tyd herinner ons dat daar altyd hoop is in die Here en dat as ons op Hom wag - ons Sy vrede, vreugde en liefde, wat alle verstand te bowe gaan, sal ervaar.

In hierdie uitgawe kyk ons terug op die onlangse Legitimasieplegtigheid van die Vrystaat Kuratorium. Lees meer oor Vennote in Getuienis en Missie Japan se besoek aan Japan en loer na die VBO-Netwerk se JST. Kyk ook uit vir die nuwe **Jaarboek 2023**, wat vanaf middel Desember beskikbaar is.

Kom loer, lees en leer saam met ons en laat weet ons asseblief wat jy dink!

**Die volgende Vrypos-uitgawe sal op Vrydag 9 Desember 2022 verskyn. Kyk gerus na ons kalender op ons webblad vir belangrike datums.**

Lekker lees.

**Groete**

Celicia McLean

# VRYPOS-FOKUS

# KURATORIUM DRA SORG VIR VERANTWOORDBARE OPLEIDING

DEUR MARIËTTE ODENDAAL

**"Om goeie teologiese opleiding vir die NG Kerk in hierdie sentrale streke van ons land te verseker."**

Dít is volgens ds Jan Lubbe, voorsitter van die Kuratorium, die taak van hierdie kommissie van die NG Kerk Vrystaat. Hy verduidelik: "Dit behels besinning oor die vereistes en inhoud van teologiese opleiding met die oog op die bediening, toesig oor die aanbieding van opleiding en die begeleiding van ons teologie-studente in hul voorbereiding en afronding met die oog op legitimasie in die verskillende bedieningsbane van die NG Kerk."

## Opdragte van die Sinode

In Maart vanjaar het die NG Kerk Vrystaat tydens die sinodesitting opnuut hierdie breë opdrag aan die Kuratorium gegee waarvan ds Lubbe enkele punte uitsonder: "Eerstens moes 'n nuwe ooreenkoms rakende ons opleiding met die Fakulteit Teologie en Religie aan die Universiteit van die Vrystaat gefinaliseer en onderteken word. Dit is op 23 Augustus onderteken.

"Tweedens moes die kerklike vorming van studente verder verdiep en ontwikkel word sodat veral die konfessionele identiteit, kenmerkende spiritualiteit en geskiedenis van die NG Kerk vir hulle ontsluit kan word en hulle met die nodige bedieningsvaardighede toegerus kan word om die evangelie verantwoordbaar en met integriteit in gemeentes en 'n samelewing in nood te kan bedien.

"Daar is ook opdrag gegee dat ons moet herbesin oor die formele akademiese opleidingsvereistes vir studente met die oog op volle leraarsbevoegdheid (tans 'n BDiv-, daarna 'n MDiv-graad en dan 'n Nagraadse Diploma) – die bekende ses jaar van teologiese opleiding.

"'n Vierde opdrag was om reeds bestaande netwerke en vennootskappe in teologiese opleiding (byvoorbeeld met die VGKSA en NGKA) uit te bou en moontlikhede met kleiner reformatoriese kerkverbande te ontwikkel. Hiermee hang ook saam 'n ondersoek na die akkreditering van ander instansies vir teologiese opleiding, soos byvoorbeeld aan die Noordwes Universiteit (NWU).

"'n Laaste opdrag van die Sinode in Maart was om vrae en besorgdhede oor die huidige teologiese opleiding vir die NG Kerk, te hanteer."

## Wie dien in die kuratorium?

Vanjaar was daar 32 lede in die kuratoriumvergadering, wat dit 'n groot vergadering maak. Die voordeel daarvan is dat dit wye verteenwoordiging én diepgrondige kundigheid verseker; iets wat onontbeerlik is om oor die uitdagings en moontlikhede van teologiese opleiding vir ons kerkverband te kan besin.

Die kuratorium bestaan uit 'n dagbestuur van tien lede, aangewys deur die sinode, van predikante wat in diens staan van die NG Kerk Vrystaat. Ds Jan Lubbe (NG Kerk Berg-en-Dal) is sedert 1999 lid van die kuratorium en dien tans as voorsitter, met ds Gideon Lamprecht (NG Kerk Bethlehem) die skriba. Dan is daar ses vak-eksaminatore wat in die verskillende velde van die teologie gedoktoreer het, naamlik Ou- en Nuwe Testament, sistematiese teologie, kerkgeskiedenis en kerkreg, praktiese teologie en sendingwetenskap.




*Foto: Kuratoriumvergadering en Legitimasieplegtigheid 2022*

Lees meer »



NG Kerk
Vrystaat

# LEGITIMASIE

## Plegtigheid 2022

## NG GEMEENTE BERG-EN-DAL

15 November

# LERAARS MET VOLLE BEVOEGDHEID



## JOHAN BEZUIDENHOUT

Colloquium Doctum

Johan is geroep om in die NGK nuut te begin en ten minste 10 jaar in sy geliefde kerk diens te doen met die missio Dei as sy uitgangspunt. Sy gebed is dat die Here hom daar sal aanwend waar hy nodig is en 'n betekenisvolle verskil in die Koninkryk kan maak, vanuit 'n NG gemeente.



## TRUNETTE DE JONGH

Fakulteit Teologie en Religie

Trunette se belangstellings is diep gegrond in haar roeping om in diens te staan van Jesus Christus – die belangrikste rede vir haar aanmelding. Sy het 'n passie vir jongmense, prediking en kreatiwiteit. Sy hoop om op só 'n manier haar bediening te vorm en in te kleur na die wil van God.



## MONOZEL FOULDS

Fakulteit Teologie en Religie

In 2022 het Monozel met haar PGDip-opleiding begin en haar gemeentejaar by NG Gemeente Bethlehem-Efrata voltooi. Die jaar het haar gehelp om haar identiteit as toekomstige leraar te ontdek en sy het gevind dat haar sterk punt in huisbesoeke lê, asook die omgee en pastoraat vir die gemeenskap.



## JANKE HURTER

Fakulteit Teologie en Religie

Janke het haar gemeentejaar by NG Gemeente Meerensee in Richardsbaai voltooi onder die leiding van ds Tertius Naudé. 'n Fokus op kreatiewe liturgieë en ‘n liefde vir die jeug en jong volwassenes dien ook as enkele uitgangspunte vir haar belangstelling in die bediening.



## NIEL MULLER

Fakulteit Teologie en Religie

Niel se belangstelling in die bediening gaan vanuit die oortuiging dat hy geroep is om vir mense te wys waar God in hulle lewens is. Die grootste bedieningsvreugde wat hy ervaar, is om verhoudings te bou met die mense saam met hom in die gemeente en gemeenskap.



## RENÉ WESSELS

Fakulteit Teologie en Religie

René het haar gemeentejaar by NG Gemeente Riebeeckstad voltooi onder die leiding van ds Christo Nel. In Februarie 2022 sluit sy aan by die NG Gemeente Virginia om as diensleraar daar te bedien. Haar fokus lê in die suiwer verkondiging van God se Woord en Waarheid.

René voldoen aan alle vereistes om as leraar met volle bevoegdheid gelegitimeer te word.

# DIENSLERAARS



## RIËTTE BOTHA

NG Kerk Vrystaat | Diverse opleidingsbane

In 2022 voltooi Riëtte die kursus Bedienaar met Preek- en Erediensleidingvaardigheid deur Hugenote Kollege. Sy deel in Petra-Instituut se roeping, om gemeenskappe te vestig waar kinders welkom voel. Veral in die kerk is die ideaal dat die verwelkoming in familieverband gebeur. 'n Fokus om Skrifgetrou familiebediening te doen, waar al die verskillende generasies saam welkom is en saam kan bedien en groei.



## MARELIZE MARITZ

NG Kerk Vrystaat | Diverse opleidingsbane

Marelize se DTh-skripsie, onder leiding van prof Kobus Schoeman, handel oor: "*Power in Poverty: Congregational Leadership in a context of poverty*". Sy het 'n passie vir leierskap in die NG Kerk en die menswaardige behandeling van alle mense – wat jongmense insluit. Sy leef tans haar roeping in dienende leierskap uit in die kerkkantoor van NG Gemeente Hugenoot en as hulp by NG Gemeente De Bloem.



## ELRIKA SENEKAL-VAN DER BERG

NG Kerk Vrystaat | Diverse opleidingsbane

Elrika het 'n passie vir Skrifgetroue prediking en is in staat om met gehore van verskeie agtergronde en ouderdomme te werk, hetsy stedelik of plattelands. 'n Groot liefde is die opleiding van gelowiges om self Skrifuitleg te kan doen. Elrika het sedert kinderdae 'n liefde vir die kerk en is oortuig dat die inskakeling van gesinne by gemeentes, 'n noodsaaklikheid en 'n vreugde is. In alle kontekste is die diep oortuiging dat die Bybel voldoende is om probleme van die lewe aan te spreek, onderliggend.








## Psalm 134

Kom prys die Here, julle wat in die nag in die tempel van die Here staan! Mag die Here jou seën uit Sion. Hy wat hemel en aarde gemaak het.







# Baie geluk!

Kuratorium-groete

NG Kerk
Vrystaat

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE | ALGEMEEN

VENNOTE IN GETUIENIS

Missie Japan

**Vrystaat Sinode op besoek aan Japan**

*Mariëtte Odendaal*



**Lees hier**

VENNOTE IN GETUIENIS

Werkgroep vir Islam

**Engele en *Jinns* in Islam**

*Dr Enrico Casaleggio*
*Raad van Vennote in Getuienis*



**Lees hier**

BEDIENINGSBEGELEIDING

JST

***The Journal of Systematic Theology***

*Dr Henco vd Westhuizen*
*VBO Netwerk*

**Loer hier**

ALGEMEEN

Algemeen

**"... maar, verlos ons van die Bose."**

*Ds Jan Lubbe*
*Leraar van NG Gemeente Berg-en-Dal*



**Lees hier**

AFRIKA-EKUMENE

Afrika-Ekumene Nuus

**Verheug oor proponente in Zimbabwe**

*Mariëtte Odendaal, oorgeneem uit*
*Getuienisaksie Eenheidsbediening*



**Lees hier**

Bybel-Media

Bybel-Media
Vennoot in geloof en bediening

**NUUT**
BESTEL VANDAG

# Bestel jou **Jaarboek 2023** vandag


**Beperkte voorraad** beskikbaar!

**- GEEN PRYSVERHOGING -**

**1-3 BOEKE teen R385 elk**
**4+ BOEKE teen R365 elk**
**CD's teen R295 elk**
**BOEK EN CD teen R455 per stel**

Die Jaarboek van die NG Kerke 2023 bevat die sinodale, rings-, gemeente- en predikante-inligting van die NG Kerk, NG Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa en familiekerke in die buiteland.

Die Jaarboek verskaf al langer as 170 jaar belangrike inligting oor die NG Kerkfamilie aan predikante, kerk-kantore en lidmate. Bybel-Media, uitgewer van die Jaarboek van die NG Kerke, wil ook met hierdie publikasie gestalte gee aan sy leuse: Vennoot in geloof en bediening.




**BESKIKBAAR**
MIDDEL DESEMBER 2022

**KOOP HIER** | MEER INLIGTING

*African Sun Press 2021-10-01*

# This Monastic Moment

Skrywer
**John W. de Gruchy**

## *The War of the Spirit & the Rule of Love*

"In *This Monastic Moment*, de Gruchy has offered people a chance to stop, look, and listen - three fundamental monastic activities. The reader is offered a chance to step into a wisdom tradition drawn both from monasticism and Africa that has much to offer the restless hearts of twenty-first-century men and women - a wisdom that takes them on an adventure to discover the God of life... A book well written and worth reading."


***ABBOT ROBERT***
*of Ambleforth Monastery, Yorkshire, United Kingdom*

"A rich and apposite account that informs, transforms, and forms the reader. De Gruchy's insights will help you discern the mystery that is God, the power and vitality of the church, and the value of the monastic life today. Read this book and formulate a rule to navigate the wilderness of life. Learn from pilgrims who have trod the road before and are now at the covenanting community of Volmoed."

***THABO MAKGOBA*** | *Archbishop of Cape Town*

"In a frightening and fragmenting world, many are asking how Christians faith can resist and counter the divisive tendencies that threaten life on earth. With a wealth of theological insight, historical knowledge, and experience living in a present-day community in South Africa, de Gruchy highlights how awareness of the monastic tradition can resource contemporary experiments in new forms of community, spirituality, and lifestyle. A most timely book."

***KEITH CLEMENTS***
*Former General Secretary, Conference of European Churches*




**Boekprent oorgeneem uit** *© Takealot Online (Pty) Ltd*

## INVENTARIS | **Mediateek**

**Die Mediateek** van die NG Kerk Vrystaat, Sinodale Kantoor se inventaris word hier volledig deurgegee. Rig enige navrae aan **Anelia van den Blink by (051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**.

Hierdie boek is beskikbaar in die Mediateek.

**Loer hier** »



**OPEN** 1 OKTOBER 2022 | **SLUIT** 31 JANUARIE 2023

# BEURSAANSOEKE 2023

Die NG Kerk Vrystaat stel beurse beskikbaar aan studente wat Teologie sowel as vir ander studierigtings studeer. Die fondse vir hierdie beurse is verkry deur bemakings aan die NG Kerk Vrystaat en die Helpmekaar Vrystaat.

Studente wat Teologie studeer of wil studeer met die oog daarop om 'n predikant in die NG Kerk-familie te word, kan aansoek doen by die Beursfonds vir Teologiese studie.

Studente wat in enige ander rigting wil studeer, kan aansoek doen by die Helpmekaar Vrystaat.

**Terme en voorwaardes geld*

**VIR MEER INLIGTING KONTAK**

**Tertius Botha**
tbotha@ngkvs.co.za
(051) 406 6700

**KLIK HIER**




***Oorgeneem uit** Getuienisaksie Eenheidsbediening en VrydagNuus, NG Kerk Wes-Kaapland*

Baie van ons is al so moedeloos oor die daaglikse agteruitgang van ons mooi aarde. Ons sien dit oraloor op die media. Die instansies wat egter die mandaat daarvoor het om reuse-verskille daaraan te kan maak, is regerings. COP staan vir *Conference of the Parties*. Dié partye is die bywonende lande wat in 1992 die oorspronklike VN-klimaatooreenkoms onderteken het. COP27 is die 27ste jaarlikse VN-vergadering oor klimaat en het vanjaar vanaf 6 tot 18 November in Sharm el-Sheikh, Egipte, plaasgevind. Die doel van die konferensie was om voort te bou op vorige suksesse en die weg te baan vir toekomstige aksies. Dit het 'n gulde geleentheid aan alle belanghebbendes gebied om die wêreldwye uitdaging van klimaatsverandering doeltreffend te probeer aanpak.

VERSKAF DEUR **MARIËTTE ODENDAAL**

**GETUIENISAKSIE**
Eenheidsbediening
• VGKSA Streeksinode Kaapland
• NG Kerk in Suid-Afrika
• Reformed Church in Africa

Lees meer



# MOOIGENOEG

### VERBLYF

- 173 Beddens beskikbaar (waarvan 149 stapel-beddens is)
- 7 Opgedateerde selfsorg-eenhede (24 beddens)

### LOKALE EN GERIEWE

- Groot saal ± 250 persone
- Klein saal ± 50 persone
- Kombuis is ten volle toegerus met alle nodige toerustig om op die perseel voedsel voor te berei
- Swembad en vollyball-baan
- Lekker groot braaiers

### IDEAAL VIR ...

- Groot kampe
- Troues
- Verjaarsdae
- Kombuistee / Babatee / Doeke braai / Retreats
- Konferensies

# FLORADALE

### VERBLYF

- 50 Beddens beskibaar (waarvan 40 stapel-beddens en 10 in selfsorg-eenhede geakkommodeer word)

### LOKALE EN GERIEWE

- Saal ± 150 persone
- 2 Lekker groot ingeboude braaiers
- Boma

### IDEAAL VIR ...

- Klein intieme kampe
- 'n Klein intieme troue
- Verjaarsdae
- Kombuistee/ Babatee / Doeke braai / Retreats
- Konferensies

## KOM EN GENIET!

## KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING


**KANTOOR**

Nicolene Gouws · 051 406 6700 · nicolene@ngkvs.co.za

**TERREINE**

CP Prinsloo · 082 523 7309 · ppmooigenoeg@gmail.com


© **2022** | NG Kerk Vrystaat

# LEER KEN
DIE MODERAMEN



## Johan Stander

OUDERLING | **NG GEMEENTE THEUNISSEN-WES**

VERJAAR: 1 Maart
BEROEP: Afgetrede bankier, GUNSTELING TYDVERDRYF: Pluimbal en die lees van militêre geskiedenis. TOP DRIE GUNSTELINGSKRYWERS: Victor Hugo, Leo Tolstoy en Anton Chekhov. LEWENSFILOSOFIE: Sonder verdraagsaamheid kan ons nie voortgaan nie. KONTAKBESONDERHEDE: jhstander1962@gmail.com of 060 529 6026 (kantoor)

## André Rall

OUDERLING | **NG GEMEENTE CLARENS**

VERJAAR: 4 September
BEROEP: Gastehuiseienaar en -bestuurder GUNSTELING TYDVERDRYF: Voëlkyk, Stap, Houtwerk doen. TOP DRIE GUNSTELINGSKRYWERS: Jeffery Archer Bennie Mostert en Frank Peretti. DROOM VIR DIE KERK: My alles vir Jesus; dat die kerk meer gefokus sal wees om dissipelmakers te wees. KONTAKBESONDERHEDE: info@hisvessel.net of 067 026 2825



# LEER KEN

NUWE LERAARS

## Ds Rikus Botha

NG Gemeente Universitas (Geloofsentrum)

### VAN WAAR?

- Gebore in Clocolan, Vrystaat
- Grootgeword in die Vrystaat, Noord-Kaap en Noord-Wes

### SKOOL & UNIVERSITEIT


- Matrikuleer aan die Hoërskool Jim-Fouché in Bloemfontein
- Gradueer aan die Universiteit van die Vrystaat

### ERVARING EN BEROEP

- NG Kerk Port Elizabeth-Noord (April 2019 tot Januarie 2022)
- Geloofsentrum Universitas (Februarie 2022 tot hede)

### MY BELANGSTELLINGS

- Handewerk (spesifiek houtwerk)
- Tennis speel en kyk



### WAT GEE MY MOED EN HOOP

- Die waarheid van die Woord van God en die verkondiging daarvan aan soveel mense as moontlik
- Die samewerking tussen mense wat besef dat die Here ons op verskeie maniere seën sodat ons tot 'n seën vir ander kan wees

### MY DRYFKRAG

Die besef dat die Here vir my sekere gawes gegee het om in die bediening te kan staan. Ek hou altyd aan die woorde van Filippense 4:13 vas omdat niks wat ek is en doen uit myself kom nie, maar slegs danksy God se krag in en deur my. My roeping en lewe word gedryf deur my dankbaarheid teenoor die Here vir die lewe wat Hy aan my gegee het.

### MY DROOM VIR DIE KERK

Dat die kerk 'n plek sal wees waar elkeen die Lewende Here ontmoet; dat dit 'n plek sal wees waar die waarheid van die Woord verkondig word en waar daar saam gewerk en gebou word aan die Koninkryk in hierdie wêreld.

### FAMILIE

Ek en my vrou, Thania, is altwee in die bediening, wat 'n groot voorreg is. Op 1 Desember sal ons vier jaar getroud wees.

# Ds Marthiens Heymans

NG Gemeente Bloemvallei

## VAN WAAR?

Gebore en getoë in Naboomspruit

## SKOOL & UNIVERSITEIT

**Laerskool:** Eugene N Marais
**Hoërskool:** Hans Strijdom
**Universiteite:** Tukkies (1 jaar: Bourekenaar) en NWU vir Teologiese opleiding

## ERVARING EN BEROEP

- Werk in 2019 by die NG Kerk Grimbeekpark, Potch as jeugleraar in 'n tydelike pos
- Begin in 2020 met 'n PhD by NWU
- Sedert 2022 voltyds leraar by die NG Gemeente Bloemvallei

## MY BELANGSTELLINGS

- Wêreldnuus
- Hoe 'n gemeenskap funksioneer tov morele waardes
- En die invloed daarvan op die ekonomie, misdaad, ensovoorts

## MY DRYFKRAG

"Dit beteken vir my onskatbaar baie om te sien hoe die evangelie mense en my omgewing verander. Om mense na Christus toe te lei, dryf my elke dag. Soms is dit 'n uitdaging, maar om al hoe meer te sien hoe mense toegerus word om te help bou aan die koninkryk, gee my moed en hoop vir ons land en ons toekoms as gelowiges."

## WAT GEE MY MOED EN HOOP

Dit gee my moed om te sien dat daar tog progressie is. Ons ontwikkel nuwe programme en getalle neem wel toe; mense groei in hulle geloof en gehoorsaamheid aan God.

## MY DROOM VIR DIE KERK EN SUID-AFRIKA

"Dat God sentraal sal wees in elke gesin. Die kerk is die instrument van hoe ons daar sal kan uitkom. Ek begeer dus dat die burgers van SA weer 'n nuwe vreugde sal ontwikkel vir kerkbywoning, betrokkenheid en passie om die kerk haar volwaardige plek te laat inneem in die gemeenskap."

## GESIN

Sy vrou, Jacolene. is 'n geoktrooieerde rekenmeester. Hulle het drie kinders, 1, 3 en 6 jaar oud.



# WEEK VAN *Gebed* 2023



## *Werkwoorde vir Gebed – Kom, kyk, wag, verlang en bly*

***Deur dr Gideon van der Watt, Redakteur: CLF***

CLF het die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit op Wellington (AMSS) versoek om vanjaar se Week van Gebed temas voor te berei. Drie persone wat op gereelde basis verantwoordelik is vir die begeleiding van die drie daaglikse kapelbyeenkomste by AMSS, Eddie Orsmond, Hansie Breedt en Nico Viljoen, het saamgespan om die vyf temas vir 2023 voor te berei. Die temas is gekies na aanleiding van vyf werkwoorde wat 'n integrale deel van die spiritualiteitsaanbod by AMSS vorm. Die vyf werkwoorde word ook beskryf as die kontemplatiewe woordeskat wat beide persoonlike gebed en die gesamentlike liturgie in die kapel onderlê. Die skrywers het vyf Skrifgedeeltes uit die Johannes-evangelie gekies in aansluiting by die vyf woorde. Elke Skrifgedeelte fokus op een woord wat 'n moment verteenwoordig in 'n groter beweging vir gebed en meditasie.

**Lees meer »**

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

Andrew Murray
SENTRUM VIR SPIRITUALITEIT
CENTRE FOR SPIRITUALITY

**Klik hier »**








Sinodale

# Vrouekonferensie

NG Kerk
Vrystaat

Dankie aan elke vrou wat gedurende die jaar haar deel gedoen het vir die bediening aan vroue in die gemeentes in die Vrystaat

**Lees meer** »

**Geloofsbrief** »

# 11

Saterdag

## Februarie

2023

**Universitas Geloofsentrum**
Strauss-straat 12, Bloemfontein

**Besprekings open reeds op Dinsdag 29 November 2022**
en sluit op Maandag 17 Januarie 2023



**Koste: R250 per persoon**
Spreker: Dr Stephan Joubert

**NAVRAE** | Marietjie van der Merwe - 076 113 9601

Mag elkeen van julle jul lig laat skyn, hoop bring en 'n verskil maak in jou gesin en gemeente

© 2022 | NG Kerk Vrystaat





Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier





Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE EN BROKKIES UIT KERKBODE




Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om 'n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

**E-pos: helene@bmedia.co.za**

**VrydagNuus**
Nuusbrief
**Lees hier** »

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

**CLF**
Nuusbrief
**Lees hier** »

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

**CLF**
Publikasie
**Lees hier** »

## BROKKIES UIT kerkbode

**KERKBODE: DIE REIS NA VOLHOUBAARHEID**

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*23 November 2022* »

**JACO STRYDOM GESELS MET ENRIQUE HERMANUS – 'N JONG STEM OM NA TE LUISTER**

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*23 November 2022* »

**JACO STRYDOM GESELS MET DANIE MOUTON**

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*21 November 2022* »

**NELIS JANSE VAN RENSBURG | PARTYPOLITIEK EN DIE KIESWET**

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*21 November 2022* »

# KALENDER

Stuur alle kalender-gebeure aan **cmclean@ngkvs.co.za**

## NG Hugenoot

KERSSANGDIENS

**met Joshua na die Reën**

Gratis @ NG Gemeente Hugenoot om 09:00.

| 27 | 11 | 22 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

nuut

## Huis Jean Webber

#WEESDIEVERSKIL-FEES

***Together we make a difference!***

Oorlogsmuseumterrein se hekke open om 08:00.

| 03 | 12 | 22 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NG Kerk Vrystaat

Loer gerus op die **webblad se kalender** vir alle belangrike datums en gemeentegebeure

# BETREKKINGS

## VAKATURES

Sluitingsdatum: **31 Desember 2022**

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE
### VREDE-WES
LERAARSPOS

Sluitingsdatum: **17 Januarie 2023**

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE
### ORANJEVILLE
LERAARSPOS

NUUT

Sluitingsdatum: **13 Februarie 2023**

NG Kerk in Oos-Kaapland
'n Vriendekring wat saam groei

NG GEMEENTE
### TARKASTAD
DEELTYDSE LERAARSPOS

Sluitingsdatum: **Onbekend**

bible society of south africa
bybelgenootskap van suid-afrika

HOOFKANTOOR: BELLVILLE
### BYBELGENOOTSKAP SA
UITVOERENDE HOOF

# Predikantenuus

VRYSTAAT

**Ds Nico Sennett,** emeritusleraar vroeër van NG Gemeente Benoni-Oos, het die beroep na NG Gemeente Vanstadensrus aanvaar.

**Ds Jaco Thom**, leraar van NG Gemeente Petrusburg, ontvang op Sondag 27 November 2022 emeritaat.

## Kerkbode

**VIR MEER INLIGTING** | woes@mweb.co.za / 023 342 6030

## Afloslleraars

**VIR MEER INLIGTING** | daf@ngkvs.co.za / (051) 406 6700

# VERJAARSDAE




## DESEMBER

**01** Ds Hendrik Conradie
**VIRGINIA-WES**

**01** Ds Francois Lamprecht
**PELLISSIER**

**02** Dr Enrico Casaleggio
**FICHARDTPARK**

**02** Ds Attie Steyn
**PELLISSIER**

**03** Ds Werner Klindt
**LADYBRAND-NOORD**

**05** Mev Nicolene Gouws
**SINODALE KERKKANTOOR**

# 'N LAASTE GEDAGTE

TEKS: **Efesiërs 3:18** (AFR83)

**Ds Laurie Naudé** | Leraar van NG Gemeente Meyerhof

# OUPA en OUMA om die aardbol

***"Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek".***

Word ek toe mos ook nou 'n Oupa.

Groot mans wat huil as hulle klein handjies vashou en tien vingertjies tel. Rowwe baarde wat versigtig teen sagte wangetjies druk. Songebarste lippe wat soentjies uitdeel, waarvan oumas maar net kan droom. Hoe moet ék dit nou doen, met 'n kleine lyfie aan die ander kant van die wêreld, in Kiwi-land. Dis nie 'n Mediclinic met suster Fourie en dokter Nel nie – dis volksvreemd, wat ons net op foto's sien. Boetie word vroeg gebore in die "Neonatal Intensive Care Unit" in die vreemde. Vir 'n maand worstel ons saam, halfpad om die aardbol, deur 'n vreemde wêreld. Uiteindelik gaan Boetie saam met Pappa en Mamma huistoe, daai huis is steeds aan die ander kant van die wêreld, ver van ons trane, baard of soene.

Sy doop, inseëning, toewyding kom nader – steeds kan ons nie daar wees. Ek wil deel wees, maar ek kan nie. Ek lees Efesiërs 3 vers 18 en besef … ek is deel … "mag julle in staat wees om saam met gelowiges te begryp hoe wyd, ver, hoog en diep die liefde van Christus strek."

Ek kry rustigheid, dit geld ook vir my kinders en kleinkind, ver en wyd. Ek en Ouma koop 'n Doopkers, maak 'n houtkruisie met 'n gekerfde houtGEESduifie. Ons sit dit langs 'n foto van Boetie neer, daar waar ons elke oggend (aan dié kant van die aardbol) stil raak. Ons kom ons Doopbelofte teenoor ons kinders en kleinkind na – ons BID vir hulle – elke dag – deur 'n foto, en simbole van 'n kruis en duifie, wat ons herinner – al is ons aan dié kant van die wêreld.

Ons harte sing!! – ons gaan hom DV Kersfees ontmoet, met die boodskap van die Christuskind, vir ons en ons kinders – saam met 'n tas geskenke, vir kleinseuntjie-onthou.

**Blogartikel** »




Foto: **Ds Laurie Naudé**

# KONTAK ONS

REDAKSIE


**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn, 9301
Posbus 11412, Universitas, 9321


Stuur enige nuusgebeure, bydraes of inligting **voor 12:00 Dinsdae** na **cmclean@ngkvs.co.za**



# Samestellers


Celicia McLean (Redaksioneel)
**cmclean@ngkvs.co.za**

Karisma Coetzer
**skakel@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus
**carlie@ngkvs.co.za**


@NGKERKVRYSTAATAMP • NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Indien jy op **VRYPOS** wil inteken | **KLIK HIER** | Stuur 'n e-pos om **VRYPOS** te kanselleer

©2022 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG KERK VRYSTAAT | **2022**
DEPARTEMENT KOMMUNIKASIE EN BEMARKING